BOLAND TIMES
ALUMNI
BOLAND college • kollege
May/ Mei 2011
Volume/Jaargang 2:2
www.bolandcollege.com

2
Janine is a proud product of BC

2
BK se oudste oudstudent

3
Oudstudent Arno sing platinum los

4
Oud SR-voorsitter nou 'n ster

Boland Times Alumni is 'n publikasie van die Departement Bemarking en Korporatiewe Kommunikasie van Boland Kollege. Vir algemene navrae skakel 021 886 7111/2 of besoek ons webblad: www.bolandcollege.com

Eindredakteur: Jandré Bakker
Redakteur: Tersia Pool
Ontwerp en taalversorging: Heloïse Davis
Advertensiemateriaal en drukwerk: Fishgate

Boland Times Alumni is a publication of the Marketing and Corporate Communication Department of Boland College. For general enquiries contact 021 886 7111/2 or visist our website at www.bolandcollege.com

Editor in Chief: Jandré Bakker
Editor: Tersia Pool
Design and editing: Heloïse Davis
Advertising material and printing: Fishgate

BOLAND COLLEGE ALUMNI SHOULD STAY CONNECTED

"Completing studies successfully at Boland College (BC) doesn't really mean the end of a student's college days – it is merely the beginning of a brand new chapter in an ongoing relationship." So says BC's CEO, Mr Chops Fourie.

"Keeping in touch with our alumni, is most important to us – we would really like Boland College Old Boys and Girls to continue being involved with the College. And as a former student's connection to the College will always be an important part of his or her life, becoming involved in its future just makes sense." he said.

To make this possible the College has an active Alumni Association. The Association's goal is to be a focal point that allows alumni to keep in contact with both the College and other alumni. All former students of BC automatically become members of the Alumni Association.

But, the Association needs to know where its former students are in order to interact. "Please spare a few moments to register with BC's Alumni Association so that we can stay connected to you. Registering will allow us to have current contact details from you and will help us provide the information you would most like to hear from us," Mr Fourie added.

He says by becoming part of BC's Alumni Association, alumni will be informed of job opportunities and a wide variety of events; and also have opportunities to network with other alumni. "We are proud of our old students, so please let us know what you are doing and if we can share your stories with other College alumni. And we would also like to tell you about our successes on a regular basis. This first edition *Boland Times Alumni* is a perfect medium to do just that. Enjoy the read!"

The end of the journey as a student of Boland College and the beginning of the journey as being a Boland College alumni – the Diploma and Certificate Ceremony. This picture was taken during last year's Ceremony.

- Alumni can register by visiting alumni@bolandcollege.com or contact Ms Tersia Pool at tersiap@bolandcollege.com or 028 212 3270.

Huidige studente van Boland Kollege wat vanjaar afstudeer, word hartlik genooi om voor hulle die Kollege verlaat hulle besonderhede te verskaf om sodoende te verseker dat hulle deel bly van die Boland Kollege-familie. Oudstudente is ook steeds baie welkom om by die klub aan te sluit en word versoek om hulle besonderhede aan alumni@bolandcollege.com te stuur.

BK-hupstoot help Ramey as akteur

Ramey Short, ook bekend as dr Quinton Meyer in die M-Net sepie, *Binnelanders*, sê hoewel hy Sport- en Bemarkingsbestuur aan Boland Kollege (BK) geswot het en nou 'n professionele akteur is, hy glo dit hom help om homself meer bemarkbaar te maak en dat dit hom 'n voorsprong bo sy mededingers gee.

Ramey was onder die eerste groep wat in 2000 Sport- en Bemarkingsbestuur gestudeer het. Hy was tot 2003 student en was 'n koshuisbewoner en uithaler rugbyspeler. "Kollegelewe was veel meer as net studies – ek onthou die lekker kuier, die mooi meisies, die driftige rugbygeselsies – dit was wonderlike dae," sê hy.

Ramey (29) is in Durbanville gebore, waar hy ook sy skoolloopbaan voltooi het. Na voltooiing van sy studies aan BK, het hy in 2004 opleiding in drama aan die Vincent Chase Studio in Hollywood ontvang en daarna by die ACT Studio in Kaapstad en die Playhouse-teater in Somerset-Wes.

Ramey sê hy hou van sy rol as Quinton in *Binnelanders* omdat hy 'n baie veelsydige karakter is. "Hy is 'n 'nice' ou, maar sal ook wys as hy nie van iemand hou nie. Quinton is beslis nie eentonig nie! Hy is 'n 'flirt' en 'n 'stirrer' en die 'ultimate bachelor.'"

Hy sê die karakter, Quinton, was nie aanvanklik geskryf om só gespeel te word nie: "Ek het die karakter verander soos hy is – daar is gevolglik baie eienskappe in Ramey en Quinton wat dieselfde is".

Oud BK-student, Ramey Short, ook bekend as dr Quinton Meyer in die M-Net- sepie, Binnelanders.

Dié oudstudent van Boland Kollege sê as hy sy lewe oor kon hê, hy alles dieselfde sou doen, "Of miskien", skerts hy, "sal ek dalk 'n sanger geword het. Maar, wie weet? Dalk gebeur dit binnekort!"

Sy toekomsdrome is om in internasionale rolprente op te tree, gelukkig getroud te wees en wonderlike kinders te hê wat hy vreeslik kan bederf.

Ondertussen sal Ramey (of dr Quintin Meyer) voortgaan om aanhangers van *Binnelanders te* boei!

www.fishgate.co.za_BC_2079

Is jy 'n oud-raakvatter?

Word dan deel van Boland Kollege se Alumni-vereniging. Ons hoor gereeld van werksgeleenthede en sal baie graag met jou in kontak wil bly. Stuur jou besonderhede aan alumni@bolandcollege.com, en ons sal jou laat weet van enige funksies of werksgeleenthede wat vir jou van belang kan wees.

BOLAND college • kollege
ALUMNI

Besoek ons webtuiste vir meer inligting.
www.bolandcollege.com

BC GAVE ME A HEADSTART, says Janine

Without any background in the specific field, Janine Wildschut took a decision that she would study accounting and finance – and rock at it! She subsequently enrolled as a student at Boland College's Caledon Campus in 2004. Here, in her own words, is how she experienced BC. She also tells how the College equipped her for the future.

"Realising that matric was nearing too quickly on me, I had to make a decision about the direction of my career. For thousands of learners finishing school and choosing the correct subjects is a tough decision to make!

After speaking to many people and hearing what they have to say about where they see me in a few years, I finally made my decision. I would study Accounting/Finance and rock at it… I didn't have any idea what I was saying at the time because I didn't have one bit of accounting background! I left my school and registered myself at the nearest college which was the Caledon Campus of Boland College.

FIRST YEAR AT BOLAND COLLEGE 2004:

After being accepted, I needed to find a place to stay and quick too. I must say I have never moved so much in one year in my life! First day, first week, first month went by and I was actually starting to enjoy it, except that I could not eat my mum's food at night.

I never expected to do bad or get bad results, I was positive and quickly made friends who became my class competitors. My favourite subjects literally varied from week to week depending on how good I became at them. The lecturers at the time were Mr Pienaar, Mr Strauss, Mrs Maritz and Mrs Reuvers.

The following year I would be NSC (Matric) and I could finally start working in the SIM.

Without even dreaming about it, I was unexpectedly chosen the best NIC student for 2004.

SECOND YEAR AT BOLAND COLLEGE 2005:

In the NSC year you have a choice between Accounting and Information Processing, but I have decided on Accounting even before enrolling at BC. It was my obvious choice. That year we were only four in the Accounting class and we were all close friends – the lecturers didn't have a chance with us!

COLLEGE LIFE

Thinking I should maybe experience a bit of a College life, I played netball, presented the Bible devotion at break times, served on the SRC and won the Ms Boland College Caledon Campus pageant.

I really enjoyed being part of the Boland College family and don't regret my decision to apply as a student there. I dedicate my best NSC award to my favourite lecturer, Mr Strauss, who sadly passed away after I left. He inspired me to always do and give my best and told me I should one day work with people.

Being at BC truly gave me a head start and I could go on to Northlink College where I completed my Cost and Management Diploma in 2008. For the past three years I have been a trainee accountant at a small accounting firm in Cape Town and am also studying part time at Unisa for my BCompt degree.

Having my family and friends behind me all made it so worth it. I could not have done it without their help and family members who prayed for me.

Yes, there were hard times, tough times even, but in the end it is what you make of it. I had to quickly learn to be on my own, making my own decisions and studying became my personal responsibility.

The best advice I can give to the future students of Boland College is: never lose sight of your dreams and always be your best, do your best and give your best."

Janine with her NSC award which she received in 2005 and (above) Janine is pictured (front, second from left) with her netball team, in 2005. That year she was also crowned as Miss BC Caledon Campus.

Op 84-jarige ouderdom is Aletta Windvogel

Boland Kollege se oudste oudstudent...

Boland Kollege se oudste oudstudent is leergierig, sien sommer kans vir baie dinge en is nog 'n leier in haar omgewing.

Mev Aletta Windvogel, wykslid van die Munisipaliteit Langeberg, het verlede jaar Boland Kollege (BK) se oudste student geword toe sy op ouderdom 83 deel gehad het aan 'n kursus – dit maak haar dus ook BK se oudste oudstudent!

Mev Aletta Windvogel, wykslid van Langeberg-munisipaliteit.

Me Ronel Herbst, Programbestuurder (Tale) op die Worcester Kampus, is in November 2009 deur Innovasie en Ontwikkeling genader om geakkrediteerde opleiding vir Langeberg se wykslede aan te bied. Vir drie agtereenvolgende Saterdae het sy vir dié doel Bonnievale, Ashton en Montagu toe gereis.

Herbst vertel: "Op die tweede Saterdagoggend daag die 83-jarige mev Aletta Windvogel op vir die kursus en met 'n waardigheid neem sy haar portfolio op. Sy en die ander se leergierigheid oor vergaderingsprosedures was inspirerend en die ywer en erns waarmee veral die ouer en meer volwasse leerders die werksessies aangepak het, het my verstom."

Herbst sê die respekvolle en liefdevolle wyse waarop die ander wykslede teenoor mev Windvogel opgetree het, het haar dadelik opgeval. "Dit het my laat besef hoe 'n merkwaardige mens sy is," meen Herbst.

Boland Kollege lig die hoed hoog vir Aletta Windvogel. Wat 'n navolgenswaardige voorbeeld het sy nie gestel nie; wat 'n besonderse mens, wat 'n student!

Oudstudent van Boland Kollege glo ervaring is noodsaaklik

Boland Times Alumni het onlangs op Kuilsrivier met 'n oudstudent van Boland Kollege (BK), Morné Goosen, gesels en hom gevra om sy ervaring van BK met ons te deel.

Morné, wat in 2003 suksesvol in Finansiële Bestuur aan BK afgestudeer het, maak reeds vinnige opgang in die finansiële wêreld.

Hy het baie gou die belangrikheid daarvan besef om so gou as moontlik ervaring op te doen en het hom as jong afgestudeerde by die Wine Machinery-groep aangesluit.

Kort daarna is hy 'n pos by die Panorama Laserkliniek aangebied waar hy nie minder nie as tien entiteite (besighede) binne die maatskappy se boeke hanteer het.

Daarna het hy 'n draai by Vredebest Plase gemaak voordat hy in die Moederstad in die pos van rekenmeester by Tray International aangestel is. By Tray moes hy swaar leun op sy ervaring aangesien hy die boeke van sewe internasionale takke moes hanteer. Hierdie takke het onder meer Zimbabwe en Mosambiek ingesluit.

Sê Morné: "Sewe internasionale takke met sewe lande se verskillende geldstelsels – dit was nogal 'n uitdaging, maar in die proses het ek wonderlike ondervinding opgedoen."

Morné is tans reeds drie jaar rekenmeester en kantoorbestuurder van Peninsula School Feeding (PSF), die grootste voedingskema in Wes-Kaap. Dié skema sorg dat 320 000 skoolkinders elke dag gevoed word.

Hy verklaar onomwonde dat sy studies aan Boland Kollege hom van die nodige praktiese ervaring voorsien het om alle uitdagings wat die nywerheid sy kant toe gooi, die hoof te bied en alles wat hy geleer het, kan hy daagliks in die werksplek toepas.

"Die kursus lê voorwaar 'n voortreflike grondslag en ek gaan nog gereeld terug na my boeke toe om seker te maak of dit wat ek doen, korrek is".

Sy raad aan huidige studente wat Finansiële Bestuur swot, is dat die eerste twee jaar na jy jou studies voltooi het, geldmaak nie die belangrikste is nie. "Doen soveel moontlik ervaring as wat jy kan op, dit is meer waardevol as geld vir jou toekoms," sê hy.

Sedert 2009 is Morné ook lid van die Institute for Certified Bookkeepers (ICB).

OUDSTUDENT ARNO JORDAAN OOK RUGBYSTER!

Arno Jordaan, die gewilde Afrikaanse sanger, is 'n oudstudent van Boland Kollege (BK). Hy was 'n kranige rugbyspeler en sou na alle waarskynlikheid groot hoogtes daarmee bereik het, maar het besluit om dié sportsoort vaarwel toe te roep ter wille van sy sangloopbaan wat sedert 2004 indrukwekkende vordering gemaak het. Een van sy sangalbums het reeds platinum status bereik en twee het goud gehaal. Hy het homself sedert sy debuutalbum, *Altyd*, sowat sewe jaar gelede bewys as kunstenaar wat onlosmaaklik deel van die Afrikaanse musiekbedryf is. Arno was in 2003 'n student aan BK en het Sportadministrasie en Bemarking geswot.

Op net 27 het Arno reeds ses albums op sy kerfstok sedert sy sangdebuut in 2003. Sy nuutste album is getiteld "Stukkie van my Hart" en sy vyfde CD, "Gee My" het platinumstatus bereik. Die is ook in 2009 vir 'n SAMA as Beste Dansalbum genomineer.

Hy is beslis 'n hardwerkende kunstenaar, maar so af en toe maak hy darem tyd vir 'n pyl en boog-sessie by Archer's Edge in Moreletapark, Pretoria. Dis een van sy gunstelingstokperdjies. Hy is ook 'n kranige gholfspeler.

Arno het in Port Elizabeth grootgeword en het aan die Hoërskool Brandwag gematrikuleer. Op skool was hy 'n kranige sportman wat vier keer vir die Oostelike Provinsie se Cravenweekspan uitgedraf het.

'n Tydjie gelede was Arno 'n gas van die joernaalprogram op SABC2, *Pasella*, en kykers kon so bietjie meer van hierdie begaafde kunstenaar te sien kry.

Hoewel Arno 'n adrenalienvraat is en daarvan hou om sy hartklop op te jaag met ekstreme avonture soos haai-duik, hou hy persoonlik meer van die rustiger liedjies op sy CD's. Op die nuutste album is "Weg is Winter" en "Dink aan My" byvoorbeeld van sy gunstelinge.

Pa Paul is al jarelank 'n musiekpromotor en Arno het as't ware tussen Afrikaanse musikante grootgeword. Sy ouers sê dat hulle hom aangemoedig het om 'n sangloopbaan te volg, solank hy homself bly en nie soos ander kunstenaars probeer wees nie.

Arno het heelwat rugbyvriende oorgehou uit sy dae as speler en hy word tong-in-diekies ook as die Bokke se gelukbringer beskryf. Dit omdat hy al vyf keer die Volkslied gesing het voor groot toetse in Suid-Afrika en hulle dan elke keer gewen het.

Arno het ook laat val dat hy graag nog eendag televisie-aanbieder wil wees en miskien ook sy eie musiekagentskap wil besit. Maar vir eers konsentreer hy op sy volgende album wat in Augustus op die rakke sal wees.

Boland Times Alumni wou by Arno weet hoe 'n tipiese dag vir hom daar uitsien.

"Ek staan soggens vroeg op, gaan speel bv. of gholf of doen besigheid. Indien ek die vorige aand 'n vertoning gehad het, sal ek bietjie laat lê. Indien ek 'n vertoning die aand het, moet ek die oggend vroeg dalk al vlieg na die dorp waar ek moet optree; sodra ek daar kom, doen ek 'n klanktoets en gaan rus dan voor die vertoning.

Indien ek nie moet vlieg nie, sal ek teen die middag begin gereed maak vir die vertoning, hang af waar dit gehou word en dan na die plek van optrede ry.

Die aande wat ek nie 'n vertoning het nie, sal ek of rustig tuis bly of miskien gaan fliek."

En wat onthou hy van sy studentedae aan BK?

Arno vertel: "Ek onthou die lekker gees onder die manne en dan natuurlik ook die rugby – veral die wedstryd toe ons vir Helshoogte, groot spogkoshuis van Maties, gewen het. Wat die oorwinning veral besonders gemaak het, is dat my broer toe primarius van Helshoogte was.

Dié foto is geneem tydens die Pasella-opname oor Arno. Van links verskyn Paul Rothman van Pasella; Arno se pa, Paul; Springbok, Morne Steyn, Arno en nog 'n Springbok, Francois Hougaard.. Arno kuier nog gereeld lekker saam met sy ou rugbymaats. (Foto: Pasella)

Arno sê as hy sy lewe oor kon hê, hy beslis nie daaraan sou verander nie. "Ek is regtig tevrede waar ek is en dankbaar vir dit wat na my kant toe kom."

Waar hy homself oor tien jaar sien? "Beslis nog in die musiekbedryf en beslis nog meer suksesvol as nou."

En het hy 'n boodskap vir toekomstige en huidige studente? "Glo in jouself en doen elke dag jou allerbeste. Onthou wat jy saai, sal jy maai."

Boland Kollege is inderdaad trots op hierdie oudstudent wie se voete so stewig op die aarde is en wens hom alles sukses toe vir die toekoms.

Kleinmond still small, but ALREADY MAKING ITS MARK

The satellite campus of Boland College (BC) at Kleinmond has proved to be a force to be reckoned with and has done the institution proud since its inception in 2009. A course in Office Administration is presented here and this year sees the first Level 4 group consisting of students from the first intake.

Not only are student numbers, as well as interest in the campus, on the increase, but results have also been encouraging and in some cases outstanding.

An example of the standards that are being set, was the achievement of Candice Louis (picture) (now Level 4) at the end of 2010. She did her campus proud by achieving the third best marks for all the FET Colleges: 98% for Office Data Processing, which is lectured at Kleinmond by Ms Eloise Britz. The achievements of most of her fellow students were also heartening.

The Kleinmond Campus is creating new and exciting opportunities, not only for local young people, but also aspiring career persons from neighbouring communities.

The Kleinmond satellite campus is situated on the grounds of the Mthimkulu Village Centre. Mthimkulu means "large tree" and that is precisely where this neat and appealing campus is situated – under the largest tree at Kleinmond!

BC thanks ELRU for books

Annette le Roux, Skills Manager at the Worcester Campus and Annina Marais, Facilitator for Level 5 learners at the Paarl Campus of Boland College (BC), have expressed their sincere gratitude to ELRU for book donations. Le Roux says seeing that the Worcester Campus – where she is based – has the majority of ECD learners in die BC family, they received three sets. Marais says the book donation "will be a valuable resource for all Level 5 learners at Paarl Campus." Expressing sincere thanks for helping to extend the frontiers of knowledge in such an exceptional manner, the two tutors also sent photographs to ELRU showing extremely grateful and beaming students glancing at and paging through the books given to them.

Oudvoorsitter van Stellenbosch se SR is ’n klein meisie met

’N GROOT STEM EN ’N GROOT TOEKOMS

Le-Lue Roode is vandag wat sang betref as’t ware al ’n huishoudelike naam in Suid-Afrika, en sy word gereken onder Boland Kollege (BK) se mees dinamiese jong alumni – iemand wat loopbaangewys sedert haar studiejare meteoriese opgang maak.

Sy was verlede jaar SR-voorsitter van BK se Stellenbosch Kampus. In 2009-’10 het sy Bemarkingsbestuur gestudeer en meen haar studie het haar baie gehelp.

Sy stel dit so: “Na my studie aan Boland Kollege het ek Kaapstad toe verhuis met die gedagte om my voltydse sangloopbaan te bevorder. Omdat ek Bemarking geswot het, is ek op die oomblik my eie, asook my *band,* Skyfdeer, se bemarker. My studie aan die Kollege het my baie gehelp om te kan doen wat ek nou doen. Ek is bly ek het daar gaan studeer. Dit het my ’n uitstekende platform gebied waarop ek nou voortaan net verder kan bou.”

Skyfdeer en Le-Lue het onlangs groot opslae gemaak en van hulle bekendste liedjies is *Die een*, *Vegvliegtuig* en *Jy was Jy*. Le-Lue het in 2005 vir *Die Burger* se Plussterkompetisie ingeskryf en is as een van vyf finaliste uit Oos- en Wes-Kaapland aangewys. In Januarie van die volgende jaar is sy as wenner van die Plussterkompetisie aangewys – dit was voorwaar ’n enorme hoogtepunt in haar sangloopbaan. Sy is deur *Die Burger* beskryf as “die klein meisie met die groot stem wat die gehoor aan haar lippe laat hang,” asook dat sy “die toekomstige vroulike weergawe van Theuns Jordaan is.”

Le-Lue, wat aan die Hoërskool Swartland op Malmesbury gematrikuleer het, het reeds op jeugdige ouderdom haar merk in die vermaaklikheidswêreld gemaak – as 13-jarige het sy haar SA-kleure in sang en dans verwerf en het al verskeie sang- en danskompetisies gewen. In danseksamens het sy selde onder 95% gepresteer.

Le-Lue tree gereeld op by skole en eksklusiewe geleenthede soos korporatiewe funksies, feeste en huwelikgesellighede. Sy spog met optredes by die KKNK en het in 2003 aan die *Global Spotlight*-kompetisie in nege verskillende kategorieë deelgeneem en met ses goue-, twee silwer- en een bronsmedalje weggestap. In die volgende jaar het sy as finalis in die ATKV se Bravura-kompetisie geëindig.

Haar besondere weergawe van Koos Kombuis se gewilde liedjie, *Lisa se Klavier,* is op die CD, Afrikaans se 60 Grootste Treffers, opgeneem en haar debuutalbum, *Dis Ek*, is baie gewild. Die album bied iets vir almal se smaak en alles dui daarop dat dit groot hoogtes gaan bereik.

Le-Lue was ook in Juanita du Plessis se TV-reeks, *Dis Country*, op KykNet te sien. Opnames is in die Willowbridge Barnyard gedoen en Le-Lue het onder meer een van haar oorspronklike liedjies, *Die Een,* gesing.

Stellenbosch Kampus se SR van 2010 – Le-Lue staan tweede van links.

Le-Lue Roode is maar skaars 21 jaar oud en is reeds ’n naam van formaat in die vermaaklikheidswêreld. Haar optredes word wyd en ver as energiek en stylvol beskryf en daar word gesê sy is ’n gehoor-magneet wat beskik oor uitstekende verhoogpersoonlikheid. Met haar warm, heserige stem bekoor sy gehore regoor die land.

Voorwaar ’n voorslag-lid van Boland Kollege se jonger alumni.

12 Boland College students attain ICB’s international qualification

The pride of Boland College – pictured here at the Paarl Campus are six of the 12 students who notched up a huge first for the College by graduating as Technical Financial Accountants (NQF Level 5 SAQA ID 36213) from the Institute of Certified Bookkeepers (ICB). Proudly displaying their diplomas are (from the left): Harold van Wyk, Chandré Cupido, Karen van Dyk, Rona van der Westhuizen (BC), Marijke Marx, Davine Edwards and Alta Nel (BC) with Zhuale Sha standing at the rear.The qualification they obtained is internationally recognised. These students completed all eight modules needed to graduate with the Diploma.

Jou toekoms wag - moet dit nie misloop nie.
Boland Kollege bied opwindende beroepsgerigte programme:

NASIONALE SERTIFIKAAT (N4 – N6)
- Bemarkingsbestuur
- Boerderybestuur
- Finansiële Bestuur
- Gasvryheid- en Spysenieringsdienste
- Menslike Hulpbronbestuur
- Ondernemingsbestuur
- Sekretarieel
- Sport- en Bemarkingsbestuur
- Toerisme
- Vroeë-Kindontwikkeling (Nasionale Diploma)

BEKOSTIGBARE PROGRAMME

Vir meer inligting besoek www.bolandcollege.com of kontak:

CALEDON
t: 028 212 3270
f: 028 212 3271
e: cal@bolandcollege.com

WORCESTER
t: 023 348 6920
f: 023 342 5768
e: wor@bolandcollege.com

STRAND
t: 021 853 7611
f: 021 854 8756
e: strand@bolandcollege.com

STELLENBOSCH
t: 021 887 3027
f: 021 887 0774
e: stel@bolandcollege.com

PAARL
t: 021 872 3156
f: 021 872 5944
e: paarl@bolandcollege.com

BOLAND college•kollege

www.lishgate.co.za_BC_2081